Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 12/3/2021

WONNIES- 3DE IN DISTRIK!

Tydens die onlangse Distriksprysuitdeling van die Departement van Onderwys in Tshwane Noord is ons skool aangewys as die 3de beste skool in die distrik! Die prestasie het ons te beurt geval op grond van die matrieks van 2020 se slaag- en matriekvrystelling-syfer in vergelyking met al die ander skole in Tshwane Noord. Graag wil ons weer elke matrikulant en elke personeellid bedank vir hul harde werk in 2020.

GAUTENG PROVINCE

Certificate of Achievement

awarded to

Hoërskool Wonderboom

As

3rd top performing School in Circuit 1

Overall Pass (98.85%) Bachelors (78.03%)

MS. THEA COETSER
DISTRICT DIRECTOR: TSHWANE NORTH DISTRICT

NASHUA | KOPANO

03 March 2021

TERUGKEER VAN DIE VOLLE SKOOL

Soos uiteengesit in die nuusbrief van 10 Maart, keer die volle skool op 15 Maart 2021 terug skool toe. Let asseblief op na die reëlings rakende die toegang tot die skool: Graad 8-10 gebruik die sporthek, terwyl Graad 11-12 die klein hekkie by die voetoorgang gebruik. Die skoolure is steeds 7:25 – 14:00 (behalwe op toetsdae waar die skool om 14:15 verdaag) en leerders moet dus asseblief vroeg genoeg skool toe kom ten einde betyds in die voogklas te wees.

WERKBOEKE: EBW en WISK (Graad 8)

Die Wiskunde- en EBW-werkboeke se pryse word op die amptelike skryfbehoeftelys wat aan ouers uitgegaan het as R90-00 elk aangedui. Ons vra om verskoning dat die prys op die graad 8 inligtingsbrief foutiewelik aangedui word as R70-00. Hierdie werkboeke word aan ons gelewer deur eksterne verskaffers en die pryse word jaarliks deur hulle vasgestel. Die Wiskunde werkboek is ook opsioneel en dien slegs as verrykingsinstrument.

VAKVERANDERINGS

Die aanvanklike vakveranderings in Graad 10 - 11 sluit op15 Maart 2021. Dit word so gedoen ten einde leerders geleentheid te gee om eers in die vakke wat hul het, die toetsreeks af te handel. 'n Verdere geleentheid sal wel, na afloop van die toetsreeks, soos hieronder uiteengesit, beskikbaar wees. Graad 10-leerders wat na afloop van die Wiskunde toets van 18 Maart egter die vak wil verander, sal ondersteun word om dit te doen.

Graad 11 se finale datum vir vakveranderings is na afloop van Kwartaal 1 se toetse.

Graad 10 se finale datum vir vakveranderings is 30 Junie.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

TOETSROOSTER: KWARTAAL 1

Die toetse vir kwartaal 1 begin ook op 16 Maart. Leerders moet hul asseblief vergewis van die toetsrooster. Toetse word aan die einde van die dag, vanaf **13:00-14:15** geskryf. Slegs leerders wat toetse skryf, bly dus by die skool. Indien 'n leerder nie betrokke is by toetse nie, kan die leerder dus om 13:00 op dié dae verdaag.

DATUM	DAG	GRAAD 8	GRAAD 9	GRAAD 10	GRAAD 11	GRAAD 12
16 Maart	Di.			Engels	Afrikaans	Engels
18 Maart	Do.	Afrikaans	SW (Gesk)	Wisk/ Wisk Gel	Besigheid	Toerisme
23 Maart	Di.	Wiskunde	Engels	Geografie	Engels	Wisk/ Wisk Gel
25 Maart	Do.	SW (Aard)	Wiskunde	RTT	GV/Eko	Afrikaans
30 Maart	Di.	EBW	SW (Aard)	Gasvryheid	Toerisme	LW/Ontwerp
1 April	Do.	SW (Gesk)	NW	FW/Eko	RTT	RTT
6 April	Di.	Engels	Afrikaans	IT/Toerisme	Geografie	Besigheid
8 April	Do.	NW	EBW	Afrikaans	Wisk/ Wisk Gel	GV/Musiek
13 April	Di.	Afrikaans	Wiskunde	LW	FW/Ontwerp	Geo/IT

Wonderlig Groepprojek

Johannes 8:12 ***"Ek is die lig van die wêreld. Wie my volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."***

Graag wil ons meer inligting aan u as ouer verskaf rakende die Wonderlig Groepprojek: Hierdie kwartaal is afgeskop met 'n groepprojek vir die Gr. 10-leerlinge. Die belangstelling en entoesiasme van die leerlinge het ons weereens verras en ons is `n lekker groot groep. Tydens sessies sit ons almal in `n sirkel en kuier net heerlik saam terwyl daar oor verskillende interessante en lewensverrykende onderwerpe gepraat word.

Die visie van projek: Om emosionele intelligensie onder tieners te verhoog, lewens te verryk en hoop te gee vir die toekoms, ten spyte van enige omstandighede. Die projek het ten doel om leerders se ingesteldheid teenoor die lewe positief te beïnvloed, sodat hulle beter keuses kan maak en hulle bemagtig word vir die bou van `n beter en gelukkiger toekoms.

Betekenis van die skoenlapper as embleem: `n Skoenlapper is `n simbool van lewe en transformasie. Die oënskynlike nuttelose en kleurlose papie is in `n kokon, totdat hy deur die kokon breek en die lig sien. Dan ontstaan die wonder van die allermooiste vlinder wat vry kan rondvlieg.

Onderwerp vir die komende week: Die Wonder van ons Brein en Denke
Elke individu se brein het die vermoë om jou lewe te verander, wanneer jy anders begin dink. Jou denke beïnvloed jou emosies wat `n positiewe of negatiewe uitwerking op jou liggaam het. Jou gedagtes is dus gedurig besig jou brein te verander, ten goede of ten kwade.
Tydens die Wonderlik Groepprojek behandel en illustreer ons aan leerders die krag van positiewe en negatiewe denke; daar is `n klein groepbespreking oor wat die Bybel ons leer aangaande gedagtes en ook `n bewustheidsoefening met heerlike sjokolade.

**`n Baie interessante feit**: `n Mens se brein het dieselfde unieke eienskappe as `n mens se vingerafdruk. Daar is nie twee mense wat presies dieselfde brein-anatomie het nie.

AFWESIG TYDENS DIE SKRYF VAN TOETSE

Tans ontvang die skool talle navrae rakende toetse en leerders wat op vakansie gaan. Alhoewel ons besef dat ouers se planne met die verskuiwing van vakansiedatums verander is, kan die skool nie toestemming gee vir enige leerder om nie by die skool te wees tydens die afneem van toetse nie. Indien die leerder op die datums wat toetse geskryf word, afwesig is, moet die departementele reëls gevolg word, nl. 'n doktersbriewe wat aandui dat die leerder nie instaat was om die toets te skryf nie. Indien geen doktersbrief ingegee word nie, gaan die leerder geen punte vir dié toetse, ontvang nie. As ons elke leerder moet akkomodeer, moet verskeie toetse, wat aan dieselfde moeilikheidsgraad voldoen as die voriges, vir verskeie datums opgestel word. Dit is ongelukkig 'n onbegonne taak.

GROENTJIEKONSERT

Dit is met groot opgewondenheid dat ons matriekraad kan voortgaan met die Gr 8 groentjiekonsert. Die groentjiekonsert sal op Dindag, 16 Maart en Woensdag, 17 Maart om 18:00 in die Wonderboomsaal plaasvind.

- Kaartjies word vooraf by die skool in Me Venter se kantoor verkoop teen R50 per kaartjie.
- Géén kaartjies sal by die deure verkoop word nie.
- Slegs 150 gaste word per aand toegelaat.
- Maskers is verpligtend.
- U temperatuur sal gemeet word voordat u die terrein mag binnekom.

WISKUNDE WEEK

Volgende week is Wiskunde-week! Leerders sal meer inligting ontvang via die Wiskunde Google klaskamer. Kom geniet die wonderlike, Wonnie-Wiskunde-Week saam met ons.

'n "*Pi*" of pastei is volgens die HAT 'n gebakte gereg wat uit 'n deegkors met vleis binne-in bestaan, maar vir Wonnie-Wiskundiges is **Pi** 'n irrasionale getal wat die konstante verhouding van die omtrek tot die deursnee van 'n sirkel is. As hierdie feite jou interesseer, kom neem deel aan die Wiskunde Week en onthou: Hierdie jaar word die Pi-dag op Sondag 14 Maart gevier.

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

BEHEERLIGGAAM-VERKIESING: Nominasievorms is in die algemene kantoor beskikbaar. Nominasies sluit op 15 Maart om 14:00. Dankie aan elke ouer wat ook so die skool wil help groei en dien.